

HOOFSTUK 5

BESKRYWING EN KLASSIFIKASIE VAN INTERFERENSIES UIT DIE KONTAKTALE

Die doelwit met hierdie hoofstuk is om die Afrikaanse en Engelse interferensies wat in die ondersoekgroep se Duits voorkom volgens taalkundige beginsels te beskryf en te klassifiseer.

Om dit te kan beskryf, sal die volgende rubrieke bespreek word:

- 'n breë oorsig van interferensiestudies wat reeds onderneem is
- die metode en benadering wat gevolg sal word om die interferensies te beskryf en te klassifiseer
- die klassifikasie van die kontaktalige interferensies
- waarnemings en gevolgtrekkings asook evaluering van die ondersoekgroep se Duitse taalgebruik
- 'n samevatting van bevindinge

5.1 INLEIDING

Binne die domein van die Sosiolinguistiek wat aandag gee aan die wisselwerking tussen taal en gemeenskap is daar ook in die besonder aandag gegee aan taalkontak en die gevolglike taalbeïnvloeding.¹

1. Vgl. bv. E. Haugen. 1953 en U. Weinreich. 1974.

In P. Nelde se publikasie *URBANE SPRACHKONFLIKTE*² word daar ook na die begrip 'kontaklinguistiek' verwys, en dan spesifiek ten opsigte van taalkontak in stedelike gebiede.

verband sien die volgende as voorbeeld:

Taalkontak, taalverwerwing en taalbeïnvloeding het enersyds gelei tot foutontledingsondersoeke (error analysis, bv. in die werk van S. Pit Corder³ in verband met taalonderrig), en andersyds tot pogings om interferensies taalkundig te ondersoek en te sistematiseer.⁴

- In Kroondal (naby Rustenburg): K. Grüner (1959)⁵

Spesifiek wat Duits se kontak met ander tale buite Suidelike Afrika betref, is beskrywings en/of klassifikasies van tussentalige interferensies deur onder andere die volgende opgestel:

- Duits en Engels: in Australië deur M. Clyne (1972)⁵ en in Amerika deur U. Weinreich (1974)

Die tweede waarvolgens die beskrywing gedoen gaan word, is

- Duits en Fins/Sweeds: deur A. Stedje (1976)⁶

implikasies daarvan asook 'n begrensing van die beskrywing.

- Duits en Nederlands: deur A.H. Touber en andere (1977)

----- Probleemstelling

2. P.H. Nelde. (Ed.) 1989. *Urbane Sprachkonflikte*. Bonn: Dümmler.

3. Vgl. S. Pit. Corder. 1975. Error Analysis, in: J.P.B. Allen and S. Pit. Corder. (Eds.) *Techniques in Applied Linguistics. The Edinburgh Course in Applied Linguistics*. Vol. 3. Second impression. London: Oxford University Press. 1975.

4. Vgl. J. Juhász. 1970 in dié verband. *verskillende taalsis-*

5. M. Clyne. 1972. *Perspectives on Language Contact: Based on a Study of German in Australia*. Melbourn: The Hawthorn Press.

1963. *Sprachmischung in Südwesafrika*.

München: Max Hueber Verlag.

6. Astrid Stedje. 1976. Interferenz von Muttersprache und Zweitsprache auf eine dritte Sprache beim freien Sprechen - ein Vergleich, in: Werner Wolf (Schriftleiter), *Zielsprache Deutsch* 1/1976. München: Max Hueber Verlag.

Oor die kontak wat Duits in Suidelike Afrika met veral Afrikaans en Engels gehad het en die interferensies wat so ontstaan het, is daar al etlike ondersoeke gedoen. In dié verband dien die volgende as voorbeeld:

- In Suidwes-Afrika/Namibië: H. Nöckler (1963)⁷
- In Natal: H. Stielau (1967)
- In Kroondal (naby Rustenburg): R. Grüner (1980)⁸

In die onderhawige studie word die kontaktalige interferensies in die Duits van oud-ingesetene Pretoria-Duitsers beskryf en geklassifiseer.

5.2 METODE VIR DIE BESKRYWING VAN INTERFERENSIES

Die metode waarvolgens die beskrywing gedoen gaan word, bestaan uit die volgende: probleemstelling, aannames en die implikasies daarvan asook 'n begreping van die beskrywing.

5.2.1 Probleemstelling

Die ondersoekgroep se dikwels intensiewe en langdurige kontak met Afrikaans en Engels in verskeie situasies bring mee dat hulle kennis van die amptelike landstale toeneem, terwyl hulle toenemend onseker raak oor wat die Standaardduitse taalnorm is. Mettertyd ondervind sommige meertalige Pretoria-Duitsers 'n probleem om die verskillende taalsisteme uit mekaar te hou.

7. H.C. Nöckler. 1963. *Sprachmischung in Südwestafrika*. München: Max Hueber Verlag.

8. R. Grüner. 1980. *Aspekte van Taalinterferensies met spesiale verwysing na Duitse Nedersetters in Suid-Afrika*. Intreerede. Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat. Bloemfontein, 30 Oktober 1980.

Met ontlenings poog die meertalige dan om in een taal patrone te reproduseer wat hy in 'n ander taal geleer het.⁹ Daar ontstaan in ekstreme gevalle van interferensies by sommige Gp 'n neiging tot die gebruik van 'n Afrikaanse of Engelse idioom en denkwyse as gevolg van vertaling uit die twee amptelike tale.

Terwyl vreemde woorde duidelik in 'n ander (die ontlenende) taal identifiseerbaar is, is leenwoorde nie altyd maklik herkenbaar nie, en is dit soms moeilik om grammatiese (sintaktiese) en idiomatiese interferensies as sodanig te identifiseer en te korrigeer. Dit geld veral interferensies tussen tale soos Duits en Afrikaans wat nou met mekaar verwant is.

Verder bestaan daar 'n gaping tussen die gekodifiseerde Duitse grammatika (soos in woordeboeke opgeteken) aan die een kant en die gesproke (en moontlik selfs die geskrewe) Duits van die ondersoekgroep aan die ander kant. Hierdie gaping vererger die lede van die ondersoekgroep se onsekerheid oor wat taalkundig korrek in Duits is.

Teen die agtergrond van reeds gekodifiseerde taalnorme en met inagneming daarvan bly dit 'n probleem om kontaktalige interferensies bevredigend in terme van linguistiese kategorieë te beskryf (bv.: wanneer word 'n vreemde woord nie meer as sodanig ervaar nie; wanneer is 'n dialekvariant aanvaarbaar, en wanneer nie?)

Afgesien van die omvang van en die tipes interferensies wat in meertalige gemeenskappe voorkom, bly die uitskakeling daarvan 'n probleem omdat interferensies dikwels as merkers van groepsidentiteit optree.

----- 1967. se optekening van hiperkor-
9. Vgl. E. Haugen. 1953. p.363.

5.2.2 Aannames oor die voorkoms van interferensies

Die volgende aannames en implikasies daarvan dien as agtergrond om die interferensies linguisties te beskryf:

1. Daar kan aangeneem word dat die gebruiksfrekwensie van ongestigmatiseerde variante sal toeneem namate die sosiale status van die ondergroep hoër word.¹⁰ 'n Belangrike implikasie van hierdie aanname is dat daar nie baie en erge interferensies by die ondergroep sal voorkom nie omdat hulle opgevoede middel- tot hoërklas moedertaalsprekers van Duits is.
2. In formele registers van taalgebruik is interferensies duideliker sigbaar as in informele taalgebruik. 'n Toetsbare implikasie hiervan is die voorkoms van hiperkorreksies in die ondergroep se Duits. Hoewel die optekening van die Gp se Duitse taalgebruik met behulp van die LFB informeel plaasgevind het, het veral die vertaaltekste die Gp soms genoop om op hul taalgebruik te let en het hulle hulle soms self gekorrigeer. Hiperkorreksies is ook 'n vorm van interferensie of taalfoute.¹¹
3. As gevolg van die breë, algemene kontak met die ander twee taalsisteme en die gevolglike linguistiese onsekerheid oor wat die norme vir die standaardtaal is, sal kontakalige interferensies in alle kategorieë van die moedertaal (hier: Duits) voorkom.

10. Vgl. I. Van de Rhee. 1984. Taalvariasie in Belville-Suid, in: *Linguistic Society of Southern Africa. Conference Papers. Vol 2, July 1984. p.633.*

11. Vgl. H. Stielau. 1967. se optekening van hiperkorreksies in Natal-Duits.

Dit is veral die laaste aanname wat in hierdie hoofstuk van aandag sal ontvang.

5.2.3 Begrensing van die beskrywing

Die volgende uitgangspunte het by die veldwerk vir die optekening van interferensies met behulp van die LFB en ook by die beskrywing van die interferensies gegeld:

- interferensies word in 'n hoë mate sinkronies, en nie diakronies nie, beskryf
- 'n kontrastiewe benadering word gevolg: die verskille tussen taalsisteme en tussen dit wat volgens taalnorme korrek en wat verkeerd is, word beklemtoon¹²
- die klem val op woordeskat in die wydste sin van die woord, en nie op bv. die fonologie nie
- net interferensies in die Duits van die ondergroep word behandel, nie die interferensies wat hulle in die twee amptelike landstale begaan nie.

5.3 ALGEMENE OPMERKINGS OOR INTERFERENSIES EN DIE KLAS-SIFISERING DAARVAN

In hierdie afdeling word daar kortliks na taalnorme en interferensies verwys voordat 'n breë klassifikasie of tipologie daarvan aangebied word. Hierdie algemene tipologie

12. As norm in die onderhawige werk geld die in Duitsland aanvaarbare gebruik van die hochdeutsche Schriftsprache, soos dit in P. Grebe *der Grosse Duden* (Bd. 1 en 3) en G. Wahrig se *Deutsches Wörterbuch*. 1974. neerslag vind.

van interferensies lei in afdeling 5.4 tot die klassifikasie van interferensies wat by die ondersoekgroep opgeteken is. Interferensies vorm deel van taalvariasie.

Taalvariasie en taalvariëteite, soos dit ook in Pretoria-Duits voorkom, word beskryf in terme van norme en spesifiek in terme van taalgebruiksnorme.

Toegepas op taal is 'n norm 'n sisteem van reëls wat bepaal binne watter reeks keuses taal gebruik kan word.

In aansluiting by J. Juhász¹³ se definisie van interferensie definieer J.C.Sager en andere 'n linguistiese norm soos volg:

"... the linguistic norm can therefore be defined as the minimal limitations on the free development of the system evolved by society in order to maintain both the system's flexibility and efficiency in its various uses."¹⁴

In literatuur oor die invloed wat tale op mekaar het, word daar nie net na begrippe soos interferensie verwys nie, maar ook na begrippe soos taalbeïnvloeding, taalversteuring en transfer,¹⁵ wat met ontlening verband hou.

Vir die klassifikasie van die resultate van taalbeïnvloeding by die ondersoekgroep dien die hoofkategorieë wat R. Grüner¹⁶ opgestel het na aanleiding van sy ondersoek in

13. Vgl. J. Juhász. 1970. p.9; ook Hoofstuk 1.

14. J.C. Sager. et al. 1980. *English Special Languages*. Wiesbaden: Oscar Brandstetter. p.34-35.

15. Vgl. J. Juhász. 1970. p.30ff.

16. Vgl. R. Grüner. 1980. p.4-5.

Kroondal as voorbeeld. Sy tipologie van interferensies dien as vertrekpunt omdat dit nie net met Suid-Afrikaanse omstandighede waaronder Duits gebruik word rekening hou nie, maar ook omdat dit klem op die woordeskat-element van taal plaas.

Die drie hoofkategorieë van R. Grüner is:

- Substitusie;
- Addisie en;
- Reduksie.

Substitusie-interferensie verwys na gevalle waar taalelemente van taal X deur ander elemente van taal Y vervang word. 'n Voorbeeld van affiks-substitusie in Duits is *verfrischen* i.p.v. *erfrischen* soos Afr. *verfris*. Lekseem-substitusie kom na vore in bv. *Steuerbüro* i.p.v. *Steueramt* n.a.v. Afr. *belastingkantoor*.

By **addisie-interferensie** word taalelemente van taal X by taal Y gevoeg. Voorbeeld: afgesien van *Automobil* of *Auto* wat naas *Kraftwagen* in die Europees-Duitse woordeskat gebruik word, het daar in die Suid-Afrikaanse konteks in Duits *Motorkarre* (Eng. *motor car*) bygekom. As 'n idiomatiese uitdrukking het *der Fluss kommt ab* (vgl. Afr. *die rivier kom af*) by die Standaardduitse frase *der Fluss übersteigt seine Wälle* bygekom.

Reduksie-interferensie vind plaas as die invloede van taal X bepaalde uitdrukkingsmoontlikhede in taal Y laat verdwyn, of die gebruiksfrekwensie daarvan laat afneem. Die Duitse uitdrukkings *schauen*, *gucken* en *blicken* kan tot een uitdrukking *gucken/kucken* gereduseer word in ooreenstemming met die enigste Afrikaanse woord *kyk* vir dieselfde begrip. Dit geld ook gevalle soos *vorstellen* en *vorschlagen* in Duits, met net een Afrikaanse uitdrukking *voorstel* om albei begrippe te benoem ('n voorbeeld van kontras-gebrek in Afrikaans).

In die onderhawige klassifikasie word daar hoofsaaklik op addisie- en reduksie-interferensies gekonsentreer, en nie soseer op substitusie-interferensies nie. Verder is dit soms moeilik om die kategorieë absoluut van mekaar te skei, omdat bv. substitusie in sommige gevalle weer tot reduksie kan lei.

5.4 KLASSIFIKASIE VAN INTERFERENSIES

In die onderstaande beskrywing word daar op sowel die morfologiese as die semantiese aspekte van interferensies ingegaan.

Wat die morfologie betref, word interferensies beskryf in terme van foneme, gebonde morfeme en vrye morfeme (lekseme). Die beskrywing behels ook vaste uitdrukkings waarin woorde in 'n bepaalde verhouding tot mekaar gebruik word.

Hierdie woorde word volgens bepaalde sintaktiese beginsels en op grond van sekere seleksiebeperkings in groter eenhede as sinne of frases met mekaar verbind. In 'n sin of 'n woordreeks word daar dan tussen **randwoorde** (Schalenwörter) en **kernwoorde** (Kernwörter) onderskei.

In 'n sin soos *Erika moet die kind oppas* is **Erika**, **kind** en **oppas** die kernwoorde wat die hoofbetekenis dra, terwyl die 'n randwoord is wat maklik deur bv. 'n vervang kan word, sonder dat die eintlike betekenis of inhoud van die sin verlore gaan.

Wat die semantiese aspekte van interferensies betref, sal verskynsels soos betekenisverandering, betekenisverruiming, betekenisverenging en daarmee saam verskynsels soos sinonimie, polisemie en die ontstaan van homonimie behandel word.

10. Voorbeelde van addisie-interferensie.

Die interferensies wat vervolgens aangebied word, dien slegs as voorbeelde van die tipies interferensies wat in Pretoria-Duits kan voorkom; al die interferensies wat met verloop van tyd opgeteken is, kan hier nie opgeneem word nie.

Verder word die tipologie van interferensies volgens mikro- en makrostrukture aangebied. Mikrostrukture word eerste behandel. Dit sluit woorddele soos affikse en ander morfeme in (afdeling A). Nog op die vlak van mikrostrukture word gewysigde woordbetekenisse in terme van betekeniskomponente beskryf (afdeling B).

Daarna volg komposita (in afdeling C) en in afdeling D word woordgrense oorgesteek met die beskrywing van vaste uitdrukings en frases as woordreekse (Wortketten). Op dié wyse word makrostrukture behandel.

A. STRUKTURELE VERANDERING VAN ENKELWOORDE (vgl. ook afdeling 4.4)

I Vreemde woorde

Afrikaanse en Engelse woorde word slegs by geleentheid in Duits gebruik en wel soos sitate.¹⁷ Daarom word hulle struktureel onveranderd in Duitse sinne gebruik. Die volgende dien as voorbeelde:

Flat vir Wohnung of Hochbau. Eng. flat. Tot hierdie kategorie behoort:

duplex - eine zweistöckige Wohnung¹⁸

17. Vgl. P. von Polenz. 1967. Fremdwort und Lehnwort sprachwissenschaftlich betrachtet, in: Hans Steinmetz (Vors.), *Muttersprache*, 77. Jahrgang. Mannheim: Bibliographisches Institut. p.75.

18. Voorbeelde van addisie-interferensie.

apartment - vir Wohnung, vergoeden. Afr. woorde

Geld morsen

boss - vir Chef of Leiter

abrollen - vir vervielfaldigen, ablichten. Afr. woorde

OK - vir "in Ordnung"

lorry - vir Lastwagen, Laster (na A. hell, die

mitvinder van die telefoon?)

robot - vir Verkehrsampel

bekostigen - vir sich etwas leisten können. Afr.

II a bekende Leenwoorde

Tot hierdie kategorie van die woordeskat behoort uitdrukkings wat weliswaar aan die Duitssprekende Pretorianer bekend is, maar waarby nog kontakalige sinonieme betekenis gevoeg word. In afdeling 4.3 is daar reeds verwys na onder andere leenvertalings en leenskeppings asook na leenbetekenis (Lehnbedeutungen). Sinonieme betekenis neem ook toe vanweë die inhoudelike aanpassing van woorde wat onderling morfologiese ooreenkomste toon. Die volgende dien as voorbeelde:

Prinzipal¹⁹ - vir Schulleiter, analoog aan die Afr.

prinsipaal of Eng. principal

Dorskonstig die Afrikaanse of Engelse voorbeeld word

Hochschule - Höhere Schule, in aansluiting by Eng.

of high school (Afr. hoërskool sluit aan by Dts. Höhere Schule, terwyl die woord Hochschule in die

Best. sin van "universiteit" gebruik word.)

Tot hierdie kategorie behoort ook:

bepflanen - vir planen. Afr. beplan

vordem - analoog nachdem; vir bevor, vgl. Afr. voordat

einfüllen - vir ausfüllen. Afr. invul. Ein Formular

19. Voorbeelde van substitusie-interferensie.

morsen - vir verschwenden, vergeuden. Afr. mors:
Geld morsen

abrollen - vir vervielfältigen, ablichten. Afr.
afrol

bellen - vir anrufen. Afr. bel (na A. Bell, die
uitvinder van die telefoon?)

beköstigen - vir sich etwas leisten können. Afr.
bekostig

fordern - vir Fortschritte machen, vorwärts
kommen. Afr. vorder

II b Foneemaanpassing

Die Duitse uitdrukking word op foneemvlak so goed as
moontlik by die Afrikaanse of Engelse voorbeeld aan-
gepas: **Behäusung** - vir Behausung. Die Afr. woord be-
huising veroorsaak dat 'n umlaut foutiewelik gebruik
word.

II c Morfeemaanpassing

Ooreenkomstig die Afrikaanse of Engelse voorbeeld word
affikse verander. 'n Prefiks word foutiewelik bygevoeg
of weggelaat, of 'n suffiks word foutiewelik aangeheg:

bestudieren - vir studieren. Afr. bestudeer

beplanen - vir planen. Afr. beplan

einfüllen - vir ausfüllen. Afr. invul. Ein Formular
einfüllen

anmutigen - vir ermutigen. Afr. aanmoedig. Die Zuschauer mutigen den Sportler an

lehrsam - vir lehrreich. Afr. leersaam. Ein lehrsameß Buch

Aussonderung - vir Ausnahme. Afr. uitsondering.

nachforschen - vir forschen. Afr. navors

anbefehlen - vir empfehlen. Afr. aanbeveel.

II d Aanpassing van vrye morfeme

Afgesien van gebonde morfeme soos affikse word vrye morfeme (soos lekseme) ook by die betrokke Afrikaanse of Engelse voorbeelde aangepas. Die aanpassing raak òf die hooflekseem (die kernwoord of determinatum) òf 'n randwoord (die bepaler of determinator):

Kleinwild - vir Niederwild. Afr. kleinwild

doppelstöckig - vir zweistöckig. Afr. dubbelverdieping, Eng. double-storey

kahlfuss - vir barfuss. Afr. kaalvoet

vorstellen - vir vorschlagen. In ooreenstemming met die Afrikaanse woord **voorstel** word die Duitse woord **vorstellen** soms meerkonksioneel gebruik: dit beteken in die Pretoria-Duits van sekere segsmanne sowel "vorstellen" as "vorschlagen".²⁰

20. As gevolg van kontras-gebrek in die Afrikaans, ontstaan daar in die Duits van sommige segsmanne reduksie-interferensies.

Selbstrespekt - vir Selbstachtung. Afr. selfrespek,
Eng. selfrespect

Vornehmen - vir Vorhaben, Vorsatz. Afr. voornemens.
Für das neue Jahr viele gute Vornehmen haben.

B BETEKENISVERANDERING BY ENKELWOORDE

I Inleidende opmerkings

In die vorige afdeling is mikrostrukture behandel (bv. affikse en vrye morfeme) om aan te toon hoe die landstale Duitse leksikale items struktureel beïnvloed.

Ook wat woordbetekenisse betref, word mikrostrukture deur die landstale beïnvloed.

Vervolgens word aangetoon hoe bepaalde uitdrukkings wat etimologies met mekaar verwant is, of dieselfde is, deur gebruik inhoudelik verander het (in deel II). In deel III is die benadering sinkronies; in deel IIIa word 'n semantiese metode kortliks beskryf wat kan aandui hoe Standaardduitse en Pretoria-Duitse woordbetekenisstrukture van mekaar verskil.

Met behulp van kontrastiewe analises word aangetoon hoe woorde, wat struktureel groot ooreenkomste toon, inhoudelik a.g.v. kontakalige invloede verskillende kenmerke besit. Daarna, in deel IIIb, word interferensies aangebied wat verskynsels soos polisemie, homonimie en ander vae woordgebruikswyses verteenwoordig.

II Betekenisverandering van Duitse woorde wat etimologies met dié in die kontaktale verwant is

Afrikaans is 'n Wesgermaanse taal wat heelwat ooreenkomste met Duits toon. Sommige lede van die ondersoekgroep of hulle families het uit die Nederduitse taalgebied na Suid-Afrika gekom en daar het hulle Platduits gepraat.

Die volgende dien as voorbeelde van hoe lekseme wat etimologies dieselfde of verwant is in Duits betekenisverandering ondergaan het:

bleiben - vir wohnen. In aansluiting by die Afr. woord **bly** wat in die omgangstaal sowel "bleiben" as "wohnen" beteken (Afr. woon is eintlik die korrekte ekwivalent vir die Duitse woord wohnen), word die betekenis van bleiben in Pretoria-Duits so verbreed dat dit sowel "bleiben" as "wohnen" beteken.

Acker - word inhoudelik so aangepas dat dit in Pretoria-Duits sowel 'n landbou-eenheid as 'n oppervlakmaat beteken, in aansluiting by Eng. acre en Afr. **akker**: *Unser Gütchen, das etwas ausserhalb der Stadt liegt, ist 3 Acker gross.*

Werf - vir Grundstück, Stück Grund. In Afrikaans beteken werf sowel 'n aanleg vir skepe (vgl. Duits Werft) as 'n stuk grond of 'n eiendom waarop bv. 'n huis gebou word.

Winkel - vir Geschäft, Laden. Die Afr. woord **winkel** is etimologies met die Duitse woord **Winkel** verwant wat die begrip "hoek" in bv. driehoeksmeting benoem: die hoek van die huis is oorspronklik gebruik vir

die verkoop van lewensmiddele. In Pretoria-Duits sou die woord só gebruik kon word: *Dieser Winkel führt nebst Brot und Butter auch Milch.*

III a Metode om woordinhoud te beskryf

Daar kan aangeneem word dat die landstale se invloed meerduidigheid of dubbelsinnigheid in die Duitse woordeboek van die ondersoekgroep kan veroorsaak.

Daar sal vervolgens gepoog word om die verskille in betekenis van woorde in Standaardduits en in Pretoria-Duits te beskryf.

Outeurs soos G.Leech²¹ en M.Bierwisch²² het aangetoon dat woorde se betekenis deur semantiese komponente in die vorm van komponentreekske skematies voorgestel kan word. Die verskille in woordbetekenis word deur veral universalia soos objek, dimensies van die objek en die verwagting van sy maksimale en nie-maksimale dimensies, vanuit die oogpunt van die kyker beskou, beskryf.²³

Om die verskille tussen Standaardduitse en Pretoria-Duitse woordbetekenis te kan beskryf, moet daar 'n vergelykingsbasis bestaan,²⁴ en dit word deur die genoemde komponentontledings verskaf. In die ontledings

21. G. Leech. 1975. *Semantics*. A Pelican Original. Penguin Books.

22. M. Bierwisch. 1967. Some Semantic Universals of German Adjectivals, in: *Foundations of Language* 3.

23. Vgl. M. Bierwisch. 1967. p.13-18.

24. Vgl. P. van Buren. 1975. Contrastive Analysis, in: J.P.B. Allen and S. Pit. Corder. (Eds.) 1975. *Techniques in Applied Linguistics. The Edinburgh Course in Applied Linguistics*. Vol. 3. Second impression. London: Oxford University Press. p.279.

word daar op kontraste in woordinhoude klem gelê, bv. (+manlik) teenoor (-manlik); (+lewend) teenoor (-lewend) ens. Hierdie benadering word deur E. Nida ondersteun as hy sê:

"A meaning is not a thing in itself, but only a set of contrastive relations."²⁵

Die semantiese komponente kom in veral twee gedaantes voor: as semantiese merkers wat semantiese betrekkings weergee (bv. manlik, volwasse en lewend) en ook as onderskeiers wat die idiosinkratiese, die afwykende en die distinktiewe kenmerke van 'n woordbetekenis aandui.²⁶

Die semantiese merkers kan in verband gebring word met die gemeenskaplike of ooreenstemmende komponente in woordbetekenisse. Dit hou weer verband met E. Leisi se 'generelle' of 'kollektive Gebrauchsbedingungen.'²⁷

25. E.A. Nida. 1975(a). *Componential Analysis of Meaning*. The Hague: Mouton. p.98.

26. Vgl. W.J. De Klerk. 1981. *Inleiding tot die Semantiek*. Durban: Butterworth. p.98.

27. R. Grüner het E. Leisi se woordinhoudsdefinisie soos volg uitgebrei: "Der Wortinhalt stellt ein Assortiment von Bedeutungen dar. Dabei ist jede Bedeutung gleich einer bestimmten Summe von Gebrauchsbedingungen". R. Grüner. 1972. *Die Verwendung der unbestimmten substantivischen Zeitbegriffswörter in der altenglischen Dichtersprache*. Abhandlung zur Erlangung der Doktorwürde in der Philosophischen Fakultät I der Universität Zürich. Zürich: Juris Druck und Verlag. p.30.

Schmidt. 1987. *Lexikalische und aktuelle Bedeutung: Ein Beitrag zur Theorie der Wortbedeutung* 1., durchges. Aufl. Berlin: Akademie-Verlag. p.32.

Die onderskeidende of die afwykende komponente wat diagnosties funksioneer, kan, in terme van E. Leisi se semantiekteorie, as 'spezielle Bedeutung konstituerende Bedingungen' beskou word. Veral die diagnostiese komponente sal aangetoon word om te wys op die afwykende gebruik van Duitse leksikale items in Pretoria ('n implikasie van die toevoeging van diagnostiese komponente is dat woorde uiteindelik nie meer semanties-reëlmatig in sinne optree nie).

III b Inhoudskomponente van enkele interferensies

Die genoemde semantiese komponente (d.w.s. semantiese merkers en onderskeiers) bepaal of 'n woord polisemanties is, en of daar van sinonieme betekenisse of van homonieme²⁸ sprake is (daar kan aangeneem word

 28. Unter dem Aspekt der Einheit des Wortes fasst W. Schmidt die Relation aktuelle Bedeutung-Hauptbedeutung - Homonym/Polyssem so zusammen :

"Ich sehe in dem Strukturgefüge der lexikalischen Wortbedeutung, in dem sich die verschiedenen Ausprägungen des einheitlichen Begriffsinhalts des Wortes, die einzelnen aktuellen Bedeutungen, um die Hauptbedeutung gruppieren, die Verkörperung der Einheit des Wortes. Diese Einheit ist so lange und so weit gewährleistet, als im Sprachbewusstsein der Angehörigen einer Sprachgemeinschaft der Zusammenhang der verschiedenen aktuellen Bedeutungen mit der Hauptbedeutung des Wortes lebendig ist. Sobald das Bewusstsein dieses Zusammenhanges hinsichtlich der einen oder anderen aktuellen Bedeutung verlorenggeht, verselbständigt sich die betreffende lexisch-semantische Variante des Wortes : es entsteht ein neues Wort mit einem eigenen, selbständigen Begriffskern, ein Homonym." W. Schmidt. 1967. *Lexikalische und aktuelle Bedeutung: Ein Beitrag zur Theorie der Wortbedeutung*. 4., durchges. Aufl. Berlin: Akademie-Verlag. p.32.

dat die landstale 'n vermeerdering van hierdie tipe semantiese verskynsels in die Duits van die onder-soekgroep kan veroorsaak). Die volgende dien as voor-beelde:

i. **Junge**. In Standaardduits beteken die woord ongeveer "Knabe", "Bube", "Gehilfe" of "Lehrling".²⁹

In Pretoria-Duits beteken **Junge** ongeveer dieselfde as "tuinwerker" bv. in die sin *Der Junge, der mittwochs bei uns arbeitet, ist sehr fleissig. Junge* word inhoudelik by Afr. **tuinjong** en Eng. **garden boy** aangepas. Veral die komponente (+arbeider), (-blank) en (+-jonk) is geen noodsaaklike gebruiksvoorwaardes vir **Junge** in Standaardduits nie.

ii. **Ausnehmen**. In Standaardduits beteken die woord ongeveer "Inhalt, Eingeweide entfernen" of "einem Kind über seine Eltern heikle Fragen stellen".³⁰

29. Vgl. G. Wahrig. 1974. kolom 1937.

30. Vgl. G. Wahrig. 1974. kolom 518.

In Pretoria-Duits beteken *ausnehmen* ongeveer "ausführen" of "begleiten", soos in die sin *Wenn Udo seine Freundin ausnimmt, gehen sie normalerweise ins Kino.* *Ausnehmen* word dus soos **uitneem** in Afr. of soos in Eng. *He takes his girlfriend out to dinner* gebruik.

In Standaardduits het die woord 'n komponent (-vriendskap)³¹, en in Pretoria-Duits die komponent (+vriendskap). Hierdie onderskeier of spesiale gebruiksvoorwaarde word gewysig deur veral 'n Engelse betekenisonderskeiding van die woord *take out* wat in die bepaalde konteks die komponent (+vriendskap) vertoon.

iii. **Kleinkind.** In Standaardduits beteken die woord ongeveer dieselfde as "kleines Kind". Komponente soos (+jonk) en (+klein liggaam) bepaal onder andere onder watter voorwaardes die woord gebruik kan word.

In Pretoria-Duits beteken die woord ongeveer dieselfde as "Enkel" of "Kindeskind", na aanleiding van Afr. *kleinkind* (die Afr. woord *klein kind* is 'n beter ekwivalent vir Dts. *Kleinkind*).

31. Für den Gebrauch von Verben wie *borgen* und *leihen* wie auch für *ausnehmen* müssen Bedingungen ausserhalb des Bezeichneten erfüllt sein, da sie komplexe Wortinhalte haben, vgl. in der Beziehung E. Leisi. 1975. *Der Wortinhalt. Seine Struktur im Deutschen und Englischen.* 5. Auflage. Heidelberg: Quelle & Meyer. p.80.

Die komponent (+verwantskap) is geen noodsaaklike gebruiksvoorwaarde vir Kleinkind in Standaardduits nie.

G. Leech³² bied die volgende skema aan om die verhouding tussen grootvader en kleinseun (Grossvater en Enkel) visueel voor te stel:

Grandfather: +male → parent → parent (dus 'n man wat die ouer is van iemand wat ook 'n ouer is) en vir
Grandson: +male ← parent ← parent (dus 'n manlike kind van iemand wat ook die kind van iemand anders is.)

In die Pretoria-Duits van sommige segsmanne moet die klein in Kleinkind dus nie in 'n ruimtelike dimensie gesien word nie, maar eerder as 'n relasie tussen twee generasies.

Die ruimtelike adjektiewe klein en gross word, onder kontaktaalige invloed, soms vervang deur kurz en lang n.a.v. Afr. kort, Eng. short en Afr. lank. 'n Man van 1,93 meter sou dus soms in Pretoria-Duits as ein langer Mann beskryf word i.p.v. ein grosser Mann ; 'n man van 1,4 meter sou dan as ein kurzer Mann beskryf word, en nie as ein kleiner Mann nie.

32. Vgl. G. Leech. 1975. p.249.

In hierdie geval kan gesê word dat kurz die Pretoria-Duitse weergawe van klein, en lang die Pretoria-Duitse weergawe van gross is omdat die semantiese kenmerke en gebruiksvoorwaardes van gross en klein deur interferensie die kenmerke van lang en kurz word.³³

'n Ander tipe vae woordgebruik ontstaan as 'n versamelterm gebruik word in plaas van 'n spesifieke woord of term. In die onderstaande gevalle vervang die versamelwoord Licht spesifieke woorde:

1. Das Licht in der Küche brennt sehr hell (vir Lampe, Birne)
2. Die Lichter des Autos funktionieren nicht (vir Scheinwerfer of Blinker)

33. a. Vgl. M. Bierwisch. 1967. Aangehaal deur A. Lehrer. 1974. *Semantic Fields and Lexical Structure*. Amsterdam-New York: North-Holland Publishing Company. p.122-124.

b. Im Normaldeutschen sind die Adjektive **gross** und **klein** 'skalar', weil sie ungerichtete Grössen sind; sie drücken also keine Richtungsangabe aus. Auf Menschen bezogen, sind beide eindimensional, nämlich (+vertikal); so ist ein Mann, der 2 Meter misst, gross, und einer, der nur 1,20 Meter misst, ist folglich klein (vgl. die Fragen zu den Dimensionsadjektiven im LFB 7b). Das Adjektivpaar lang und kurz ist dagegen vektoriell, da eine Grösse mit Richtung (also (-vertikal)) ausgedrückt wird; die Grösse wird in eine bestimmte Richtung in der horizontalen Ebene ausgedehnt. In der Weise kann eine Zigarette lang aber nicht hoch, ein Turm dagegen hoch aber nicht lang sein. Vgl. dazu M. Bierwisch. 1967. p.12.

3. Wenn keine **Lichter** brennen, verirrt man sich im dunklen sehr leicht (vir Strassenlampe) vgl. Eng. to

take a decision

4. Beim dichten Verkehr ist es schlimm, wenn die **Lichte** nicht funktionieren (vir Verkehrsampeln).

noemen, vir ziehen, vgl. Afr. in waas in oorweging

Ook die werkwoord **nehmen** word op 'n vae wyse gebruik omdat dit deur interferensie inhoudelik aangepas word en dit ander werkwoorde vervang.³⁴ Enkele voorbeelde hiervan is:

in oorweging te gebruik

Das Licht ist so hell - man kann sogar ein Foto dort **nehmen** - vir machen, vgl. Eng. to take a picture

verreken, vgl. Afr. hy is uitgeleer

Ich weiss nicht, wie lange es **nimmt**, bis das **Wohl** fertig wird - vir dauern, vgl. Eng. how long it will take to finish it

Da die Busverbindungen so schlecht sind, **nimmt** die Mutter die Kinder immer selbst zur Schule - vir fahren of bringen, vgl. Eng. to take the children to school

licht of park. Gegen 5 Uhr nachmittags

ist der Verkehr sehr schwer, vgl. Eng. heavy traffic, Afr. swaar verkeer

34. Voorbeelde van substitusie-interferensie.

Man muss den Entschluss **nehmen**, wie das Leben zu verbringen ist - vir fassen, vgl. Eng. to take a decision

Diese Angelegenheit muss man in Erwägung **nehmen** - vir ziehen, vgl. Afr. 'n saak in oorweging neem.

In aansluiting by die gebruik van sekere Afrikaanse en Engelse woorde word bepaalde Duitse woorde soms ook in 'n oordragtlike sin gebruik:

ausgeschlafen - vir gerissen. Da der Dieb so ausgeschlafen ist, kann man ihn nicht erwischen, vgl. Afr. hy is uitgeslape

Wellblech - vir Riffel⁵ oder Wellen auf der Strasse. Afr. sinkplaatpad, Eng. corrugations

Verdere voorbeelde van vae woordgebruik wat tot dubbelsinnigheid kan lei, is:

